

Donderdag 14 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 7:11-17

Fokusgedeelte: Hebreërs 7:12

Christus die Oorwinnaar-Koning verander die wet tot volmaaktheid

Ons kan nie die verandering wat daaglik in die wêreld plaasvind, keer nie. Van gister na vandag na môre sal dinge nie dieselfde wees nie. In die midde van 'n veranderende wêreld soek ons dikwels na vaste ankers. Dit is gewoonlik in die geloof wat ons die sekerheid van onveranderlikheid vind. Die Here bly tog dieselfde en by Hom is daar geen omkeer of verandering nie. Hy is die begin en die einde en Hy voer sy raad altyd deur. Dit staan vas.

Tog het die Here dit bepaal dat daar 'n wesenlike verandering in die verloop van sy volk se geskiedenis plaasvind. Die vastigheid wat Israel in die diens van die Here gehad het, sal op 'n bepaalde punt radikaal verander. Die priesterskap van Levi sal nie en kan nie onveranderd voortgaan die toekoms in tot by die wederkoms nie. God het wel die Levitiese priesterskap daargestel in die Ou Testament, maar alreeds van die begin af is die veranderlikheid van die priesterorde duidelik gemaak. Dit is die rol wat Melgisedek in Israel se geskiedenis moes speel. Melgisedek getuig van 'n volmaakte priesterskap wat in Christus geopenbaar sal word.

Hoekom was hierdie verandering nodig? Want die Levitiese priesters kon nie volkome versoening doen om die volk weer in 'n versoende verhouding met God te bring nie. Die volmaakte Priester, Jesus Christus, moes kom. Met die koms van Christus het daar nie net 'n verandering in die priesterorde gekom nie, maar ook in die wet. Die wet waarvan hier gepraat word, verwys spesifiek na die seremonies, waar die offerdiens in die middelpunt staan. Dit wat die offers nie onder die Levitiese priesterskap kon doen nie, het Christus onder die nuwe Priesterorde volmaak kom doen. So het hy die wet van die Here deur sy een offer vervul.

Die gevolg van hierdie verandering het vir ons as gelowige kinders van die Here 'n wonderbaarlike gevolg. Waar daar by die Ou-Testamentiese offerdiens altyd afstand en skeiding tussen God en sy volk was, het Christus die skeiding kom wegneem sodat ons nou met vrymoedigheid tot Hom kan nader (Heb. 10:19). Dit was die noodsaaklike verandering wat Christus vir ons gebring het.

Sing: Psalm 84-1:1, 4

Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)